# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# MDiv Theologie (06250074)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 180 |

## Programinligting

Die MDiv-program volg op die BDiv-program of die vorige vierjarige BTh-program. Die MDiv is ’n gedoseerde meestersgraadprogram wat die verwerwing van gevorderde teologiese kundigheid en praktiese vaardighede beoog en is gemik op die algemene, breë bedieningspraktyk van die Bedienaar van die Woord.

**Duur**

Een jaar.

## Toelatingsvereistes

- Behoudens die bepalings van Algemene Regulasies G.1.3 en G.62 word die BTh-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie vereis vir toelating.
- Hebreeus op 200-vlak. Indien Hebreeus 200 nie aan 'n universiteit geslaag is nie kan 'n student toegelaat word op grond van assessering en goedkeuring deur die departementshoof.
- Grieks op 200-vlak. Indien Grieks 200 nie aan 'n universiteit geslaag is nie kan 'n student toegelaat word op grond van assessering en goedkeuring deur die departementshoof.

## Addisionele vereistes

(1) Behoudens die bepalings van Algemene Regulasies G.1.3 en G.54, word die BDiv of die vorige vier jaar BTh-graad of the BThHons (Teologie; voorheen die BAHons [Teologie]) of ’n gelykwaardige kwalifikasie vereis vir toelating.

(2) Hebreeus op 200-vlak. Indien Hebreeus 200 nie aan ’n universiteit geslaag is nie, kan ’n student toegelaat word op grond van assessering en goedkeuring deur die departementshoof.

(3) Grieks op 200-vlak. Indien Grieks 200 nie aan ’n universiteit geslaag is nie, kan ’n student toegelaat word op grond van assessering en goedkeuring deur die departementshoof.

## Ander programspesifieke inligting

## Slaag met lof

Om met lof te slaag, moet die student minstens ? geweegde gemiddelde (GPA) van 75% in die eksamen van die seminaarwerk en 75% in die miniverhandeling behaal.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Kernmodules:**

***Al*** die voorgeskrewe modules moet voltooi word.

**Keusemodules:**

Mini-skripsie in een van die velde:

## Kernmodules

Dogmatiek en Christelike etiek 806 (DET 806) - Krediete: 20.00
Godsdiens- en sendingwetenskap 806 (GSW 806) - Krediete: 20.00
Kerkgeskiedenis 806 (KGS 806) - Krediete: 20.00
Nuwe-Testamentiese wetenskap 806 (NTW 806) - Krediete: 20.00
Ou-Testamentiese wetenskap 806 (OTW 806) - Krediete: 20.00
Praktiese teologie 806 (PRT 806) - Krediete: 20.00

## Keusemodules

Dogmatiek en Christelike etiek 804 (DET 804) - Krediete: 60.00
Godsdiens- en sendingwetenskap 804 (GSW 804) - Krediete: 60.00
Kerkgeskiedenis 804 (KGS 804) - Krediete: 60.00
Nuwe-Testamentiese wetenskap 804 (NTW 804) - Krediete: 60.00
Ou-Testamentiese wetenskap 804 (OTW 804) - Krediete: 60.00
Praktiese teologie 804 (PRT 804) - Krediete: 60.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.